

# Die Uitverkiesing...

## en verwerping?!

# Uitgangspunt

- God is Koning
  - **Ps. 93:1** “Die Here is Koning, Hy beklee Hom met majesteit.”
  - **Ps. 96:13** “Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.”
  - **Ps. 97:9** “U, Here, is die Allerhoogste oor die hele aarde, hoog verhewe bo alle gode.”
  - **Ps 99:1** “Die Here regeer: die volke erken bewend sy gesag.”
- God is ewig: Hy is nie gebonde aan tyd nie.
  - **Ps 90:2** “Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!”



# Dordtse leerreëls - Hfst 1: GODDELIKE UITVERKIESING EN VERWERPING

- Alle mense het in Adam gesondig en hulle skuldig gemaak aan die vloek en die ewige dood. vgl Gen 3.
  - verdoeming is die mens se eie verantwoordelikheid
    **Pred 7:20** Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie
    **Rom 3:10-11, 19 & 23** Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie, daar is nie een wat verstandig is nie, daar is nie een wat na die wil van God vra nie. Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God. Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid vanGod nie.
    **Rom 6:23** Die loon wat die sonde gee, is die dood



- Redding is God se eie keuse
  - **Rom. 9:13-16** Daar staan ook geskrywe: ‘Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat.’ Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat roep. Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Beslis nie! Vir Moses het Hy gesê: ‘Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.’ Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is.
- Die mens het geen seggenskap daarin nie.
  - **Rom. 9:20-21** Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: ‘Waarom het jy my so gemaak?’ Het die pottebakker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie?

- God openbaar sy liefde aan die mens
  - **Joh 3:16** God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.
  - **1 Joh 4:9** Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê.
  - **Rom 8:32** Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red.
- God stuur uit louter goedheid verkondigers van hierdie vreugdevolle boodskap na wie Hy wil en wanneer Hy wil
  - **Rom 10:14 & 15** Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek? En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: "Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring."

# Art. 16 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

- "Ons glo dat God, toe die hele geslag van Adam deur die sonde van die eerste mens in die verderf en ondergang gestort is, Hom betoon het soos Hy is, naamlik barmhartig en regverdig. God is barmhartig, aangesien Hy dié wat Hy uitverkies het, uit hierdie verderf trek en verlos; God het hulle, uit louter goedheid en sonder om hulle werke in die minste in aanmerking te neem, in sy ewige en onveranderlike raad uitverkies in Jesus Christus, ons Here. God is regverdig deurdat Hy die ander in hulle val en verderf laat bly waarin hulle hulleself gewerp het."

- Alle mense moet die evangelie hoor
  - **Matt 28:19** Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels
  - **Luk 24:46-48** "So staan daar geskrywe: 'Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.' Julle is getuies van hierdie dinge.
  - **Hand 1:8** Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.



- Alle mense word opgeroep tot geloof in Jesus Christus
  - sommige aanvaar dit in geloof en word gered/kinders van God
    - **Joh 1:10-13** Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie. Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie. Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore. vgl Joh 3:16.
- Dat sommige mense die verlossingsboodskap in geloof aanvaar, volg uit God se ewige besluit.
  - **Ef 1:11** Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.
  - **Joh. 6:44** Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie.

- Die oorsaak of skuld van daardie ongeloof, lê beslis nie by God nie, maar by die mens
- Hierdie uitverkiesing is 'n onveranderlike voorneme van God.
  - **Rom 8:29 & 30** Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is. Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik
  - **Hand 13:48** Toe die heidene dit hoor, was hulle baie bly oor die woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword.
  - **Rom. 11:29** 'Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie. Dié wat my Vader vir my gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.'"
  - **Joh. 10:28-30** As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.

- Hierdie uitverkiesing het nie op grond van vooruitgesiene geloof, geloofsgehoorsaamheid, heiligheid of enige ander goeie hoedanigheid of geskiktheid van die mens tot stand gekom nie.
  - *Dit is alleen God se genade wat dit bewerk.*
    **Rom 11:5 & 6** Net so is dit ook vandag: daar is 'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is. En as dit uit genade is, dan is dit nie uit verdienste nie, anders sou die genade nie meer genade wees nie.



# Die doel van die uitverkiesing



- Dit gaan nie net om die mens se redding nie
- Dit gaan om die verheerliking van God
  - ***Om gelykvormig te wees aan Christus.***
    "Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is." (**Rom. 8:29**)
  - ***Om God in hierdie lewe te verheerlik.***
    "So het Hy ... ons in Christus uitverkies ... Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het." (**Ef. 1:4, 6**)
  - ***Om salig te word.***
    "'Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverko-renes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.'" (**Matt. 24:31**)

- ***Om as sy kinders en kerk te lewe.***
  "Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees. Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe. Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind. En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar." (**Kol. 3:12-14**)
- ***Om God dan ewig te loof en te prys.***
  "Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande. Hulle het hard uitgeroep: 'Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam!'" (**Op. 7:9-10**)